

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



April 2012

Heerlikheid en hoop

## Lees binne...

- Ewige heerlikheid en hoop – 1
- Opstanding – hoop vir nou en later – 2
- Nuwe fokus vir geldsake in die Kerk – 3
- Gereed om te dien – 4

## In hierdie uitgawe

- Bl 1 Ewige heerlikheid en hoop (Dr Gafie van Wyk)  
Beplan vir VTT in Junie
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**  
Opstanding – hoop vir nou en later
- Bl 3 **Aktuele sake**  
Nuwe fokus vir geldsake in die Kerk (Elmar Struwig)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**  
Jesus, U gaan voor – ons volg in u spoor (Ds Etienne Fourie)  
Gereed om te dien  
HTK amptelik geopen  
Beroepe aanvaar  
Baanbreker oorlede
- Ble 6-7 **Gespreksforum**  
Hervormer is ons noemnaam en nie 'n bynaam nie (Dr Johann Beukes)  
Altyd 'n Hervormer (Charlotte Vlok)  
Die uniekheid van die Christendom (Ds Wynand Rademeyer)  
Dankbetuiging (Suret Kuperus)  
Doodstraf (Roelf Raath)  
Vrugbare lewe
- Agterblad **Oordenking**  
Hy het vir jōu opgestaan! (Ds Lewis Strauss)

## Opstanding – hoop vir nou en later

**Dr André Ungerer**, redakteur, vra: Watter hoop hou die opstanding van Jesus in? Het dit net te doen met eendag as ek te sterwe kom en die hemelse werklikheid wat gelowiges beskore is? Die oop graf wat simbool is van die opstanding het bepaald 'n toekomsgerigheid.

Volgens die HAT is hoop die vertroue dat jou verlange of verwagtinge 'n werklikheid sal word. Wat gebeur as jou hoop 'n valse hoop is en beskaam? 'n Goeie voorbeeld is die Emmausgangers wie se hoop beskaam het omdat hulle verkeerde verwagtinge van Jesus gehad het. Job se geskiedenis vertel ook van hoop wat beskaam het.

Wat vir my hoop gee, is dat God sy kinders nie onbepaald in hooplose situasies laat voortploeter nie. Soos altyd, is Hy betrokke en loop Hy die stuk grondpad saam met jou. In baie gevalle maak wanhoop die hooplose blind vir God se teenwoordigheid. Die Emmausgangers herken nie vir Jesus nie, terwyl Job se hoop soos 'n wolk verdwyn het. Uiteindelik gaan die Emmausgangers se oë oop en hulle herken vir Jesus. Hulle word met nuwe hoop vervul. Ook Job tree 'n nuwe mens uit die stryd nadat God hom konfronteer met sy grootse werklikhede. Job beleef God op maniere wat hy nooit voorsien het nie.

God Drie-enig gryp in die hooplose omstandighede van sy kinders en die Kerk in. Telkens draai Hy ons gesig na waar die ware hoop lê, nie net op die horison nie maar ook hier en nou. Ons sien hoe 'n opstandingsgeloof in die hier en nou hoop bring wanneer 'n huwelik herstel, wanneer die rebelse kind tot inkeer kom en met ope arms tuis ontvang word, wanneer 'n alkoholis dit regkry om droog te bly, wanneer medegelowiges mekaar vergewe en skouer aan skouer in die gemeente saamwerk.

\*\*\*\*\*

## Ewige heerlikheid en hoop

**Dr Gafie van Wyk** skryf dat ons elkeen ons eie voorstellings het van die hemel – hoe dit lyk en hoe die lewe daar gaan wees en of die hemel ooit werklik is. Baie van ons aanvaar ook sonder meer die hemel, soos ons dit vir onself voorstel, is God se hemel, sy koninkryk. Maar waar ons oor die hemel nadink en vir onself voorstellings daarvan skep, geld die basiese reël van alle nadenke oor God en sy sake: Ons

kan net dit weet wat God aan ons bekendmaak. Net soos wat Anselmus ons daaraan herinner dat God sonder uitsondering groter is as mense se voorstellings van Hom, so is God se ryk ook heerliker as enige voorstelling wat ons daarvan skep.

Ewige lewe is nie bloot 'n verlengstuk van ons aardse lewe met al die probleme wat dit oplewer nie. Wanneer God aan ons saligheid gee, beteken dit nie net dat ons vir ewig sal lewe nie, maar ook dat die nuwe lewe wat aan ons geskenk word 'n ongekende nuwe kwaliteit sal hê. Ewige lewe is ewige vreugde en blydschap.

Omdat ons hoop op 'n nuwe toekoms, kan ons egter ook nou al getroos lewe. 1 Petrus 5: 10 stel dit treffend: *God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.* Petrus se uitgangspunt is dat die huidige aardse lyding van korte duur is en dat dit beslis tot 'n einde sal kom. Dit moet plek maak vir die toekomstige heerlikheid.

Die lyding van die huidige tyd is nie die laaste woord van God aan ons, of die diepste wese van die werklikheid nie. God se voleinding van die werklikheid deur sy komende koninkryk is die doel waarop alles afgestem is. Omdat ons in vertroue leef dat God se ryk kom, kan ons nou reeds – te midde van lyding – *moedig, sterk en standvastig* wees. Wie van God redding verwag, kan in vertroue en hoop lewe.

\*\*\*\*\*

## Nuwe fokus vir geldsake in die Kerk

**Elmar Struwig** vestig ons aandag daarop dat hoewel geldsake altyd met ons sal wees, dit tyd geword het om ons fokus te verander. 'n Nuwe visie impliseer dat die oue verbygegaan het en uitgedien is. Een visie kan egter nooit verbygaan nie. Dit is diep gesetel in die Bybelse begrip van *Dra mekaar se laste...* Die vorige Administrateur het ons dikwels daaraan herinner. Dit mag nóóit uitgedien raak nie. Hoe ons dit *leef*, is dalk al ingeperk en begrens deur bekommernis oor ons eie en gemeentelike geldsake. Hiëraan sal ons moet werk. Die saak van *koste van gemeente* wees is reeds tydens die 69ste AKV aangeroe, en sal ook 'n onderwerp van die Raad van Finansies se voorgename werkswinkel in 2012 wees.

In 2012 behoort minder op die *geld* in geldsake gefokus te word en meer op die Gewer daarvan. As rentmeesters sal ons dan saam daaraan werk om die gawes wat ons ontvang tot sy eer en verheerliking aan te wend. Beteken dit dat ons afstand doen van die dissipline en orde wat rentmeesterskap vra? Nee, stellig nie; eerder dat ons sal aanhou bid en werk met 'n nuwe fokus vir geldsake in die Kerk – dat God Eienaar is van alles.

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

Lees oor die **inligtingsgeleentheid van 28 Februarie** en die talle boodskappe van hoop wat daar uitgespreek is. Daar is ook berigte oor die **vier nuwe beroepafwagende proponente van die Kerk**, die **amptelike opening van die HTK**, en predikante wat **beroepe aanvaar** het of wat **spesiale ampsjubileums** vier. In Gespreksforum is daar 'n subtiele swaai na 'n positiewer perspektief op ons kerkwees.